*Ecosoil se **missie** is om produkte en dienste aan boere te lewer wat hulle in staat sal stel om winste op `n volhoubare en omgewingsvriendelike manier te verhoog, deur hulle afhanklikheid aan bemestingstowwe en plaagdoders te verminder, asook om produksievolume en -kwaliteit te verhoog.*

*Ons **waardesisteem**: Eerlikheid, Integriteit, Passie*

`n Uitmuntende teenvoeter vir die gevolge van globale verwarming en ekonomiese onstabiliteit.

Abnormale insetkoste-stygings die afgelope tyd het meeste boere onkant betrap. Boere wat steeds konvensionele bemestings- en pesbeheerpraktyke toepas het die gevolge hiervan die ergste ervaar, in vergeleke met biologiese boere wat reeds hulle afhanklikheid aan kunsmis en plaagdoders verminder het. Globale verwarming en onstabiliteit op die wêreldmarkte bied verdere uitdagings vir die boer. In `n onlangse studie wat deur James Blignaut gedoen is, is gevind dat vir die land in geheel elke 1% vermindering in reënval waarskynlik `n 1.1% vermindering in mielie-oeste en `n 0.5% vermindering in koring-oeste tot gevolg sal hê. Die beste manier om jouself teen hierdie uitdagings te verskans, is om die waterhouvermoë en vrugbaarheid van jou grond te verbeter en *dit* is waarmee ons jou kan help.

`n Goedkoop en vinnige manier om grondvrugbaarheid te verbeter.

Grondvrugbaarheid en grondgesondheid word verhoog met die inokulasie van gunstige mikro-organismes, die toevoeging en afbreek van organiese materiaal en die chemiese balansering van gronde. Kompostee is die goedkoopste en vinnigste manier om grondvrugbaarheid te verbeter. In die meeste gevalle is die koste van die produk minder as die besparings aan bemestingstowwe alleen. Lees meer oor kompostee en hoekom jy dit nodig het. Binne een seisoen sal verbeterde groei, verbeterde produksie (in die geval van eenjarige gewasse) asook verbeterde grondvrugbaarheid waargeneem word. In proewe op droëland koring het ons `n 14% produksie verhoging en `n 0.5% verhoging in proteien-inhoud verkry. Kyk gerus na ons kliente se terugvoer op ons webtuiste.

Ecosoil se nuwe 2500L en 5000L stelsels.

Ons nuwe tenke is so ontwerp dat daar geen dooie areas is waar anaerobiese organismes kan aanteel nie. Dit is verder ook uiters geskik vir die meng van kunsmis en kan ook vir watersuiwering gebruik word. Vir verdere inligting oor ons tenke besoek asb ons webtuiste.

Gevorderde biologiese boerdery en winsgewende suiwel-verbouing kursusse met Gary Zimmer.

Gary is `n Amerikaanse boer met baie ondervinding in biologiese boerdery. Moet nie die geleentheid laat verby gaan om van hierdie uitmuntende spreker te leer nie. SA Biofarm bied hierdie twee kursusse by vier verskillende lokaliteite aan vanaf 24 Augustus tot 4 September. Om te kwalifiseer vir R150 afslag vir groepbesprekings, bied Ecosoil vir julle die geleenheid om deur ons te registreer. Vir meer besonderhede besoek asb www.sabiofarm.co.za. Vul die aansoekvorm in en faks na ons kantoor (021 848 9783) en ons sal die registrasie namens jou hanteer.

Bemarkers landwyd benodig.

Ons sal dit baie waardeer julle ons in kontak kan bring met persone of instansies wat ons produkte in julle omgewing kan bemark.